

18de
ALGEMENE JAARVERGADERING
VOORSITTERSVERSLAG



Dames en Here,

Dit is my voorreg om julle te verwelkom by die 18de Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Aftreefonds vir Plaaslike Regering.

Heel eerste wil ek 'n ieder en 'n elk herinner aan hoe belangrik dit is om vir jou aftrede te spaar en jou voordele ten alle koste te bewaar. 'n Aanhaling van Jim Rohn laat my nadink (en ek vertaal): "Indien jy nie jou eie lewensplan ontwerp nie, is die kans goed dat jy deel van iemand anders se lewensplan sal word. Raai wat hulle vir jou beplan het? Ek kan jou verseker dis nooit soveel as waarvoor jy gehoop het nie."

Die jaar onder oënskou was, om die minste te sê, interessant. Ek gaan die volgende 20 minute of so gebruik om julle 'n oorsig van die hoogte- en laagtepunte van die finansiële jaar 1 Julie 2013 tot 30 Junie 2014 te gee.

OPBRENGS

Die Fonds het weereens sy groei in beleggingsopbrengste gehandhaaf, ten spyte van baie onsekerheid en 'n onbestendige beleggingsomgewing. Die Fonds se totale bates en reserwes het vir die finansiële jaar onder oënskou het tot R17 miljard geroei. Die netto opbrengs op jou beleggings in die **Groeiportefeulje** is 24,55%, 'n opbrengs van 6,52% in die **Beskermingsportefeulje** en 12,84% in die **Gematigde Portefeulje**. (Ons glo dat slegs lede naby aftrede die **Beskermingsportefeulje** en/of die **Gematigde Portefeulje** moet kies.)

Die **Pensioenarisportefeulje** het 'n opbrengs van 12,37% gelewer. As gevolg van die uitstekende opbrengste kon die Fonds 'n volle inflasiegekoppelde maandelikse verhoging aan pensioenarisse toestaan.

Die Aktuaris van die Fonds rapporteer dat die Fonds sedert sy ontstaan 18 jaar gelede 'n netto opbrengste van 15,06% per jaar gelewer het. Dit is 'n reële (bo inflasie) opbrengs van 9,02%. Jou Fonds moet ook op so 'n manier belê dat lede nie aan die ekstreme afwaartse bewegings in die mark blootgestel word nie. Hou dus in gedagte dat ons nooit kan belê deur slegs die hoogste inkomste-opbrengste na te jaag nie, want dit sal 'n baie gevaarlike risikoprofiel skep vir 'n Vastebydraefonds waar, anders as by 'n Vastevoordele of tradisionele pensioenfonds, die lid – en nie die **werkgewer** nie – die risiko dra.

Die Fonds het 'n strategiese besluit geneem om 2% van sy totale batewaarde in Afrika-beleggingsgeleenthede te belê om sodoende redelike opbrengste vir ons lede te handhaaf.

LIDMAATSKAP VAN DIE FONDS

Die getal aktiewe bydraende lede het van 35 311 op 30 Junie 2013 tot 37 099 op 30 Junie 2014 toegeneem. Dit verteenwoordig 'n netto toename van 1 788 sedert die vorige jaar, of net meer as 5% groei in bydraende lidmaatskap. Die werklike getal nuwe lede wat gekies het om by die Fonds aan te sluit, was 3 537. Hierdie getal is egter verminder deur aftredes (503), bedankings (1 116), afleggings (1) en sterftes (176). Die getal lede wat afgetree het, het van 471 in 2013 tot 503 verhoog, maar daar was net een aflegging gedurende die finansiële jaar.

Die voortdurende groei in lidmaatskap verseker die behoud van ons redelike jong profiel, wat help om sterfte- en ongeskiktheidsvoordele teen hoogs mededingende tariewe te beding. Ons doen 'n beroep op lede om lidmaatskap van die Fonds te behou om voldoende voorsiening vir hulle aftrede te maak. Lede wat die Fonds verlaat, moet daarop let dat hulle hulle beleggings in die Fonds kan laat bly, of hulle waardes na 'n ander fonds kan oordra.

PENSIOENARISLEDE

Die getal pensioenarisse verminder voortdurend, omdat daar vir 'n geruime tyd lank min pensioenarisse bygekom het. Pensionarislidmaatskap het in 2009 op 866 gestaan, op 840 in 2010, 784 in 2011, 780 in 2012, 742 in 2013 en 725 in 2014. Alhoewel hulle net 'n klein persentasie van die totale lidmaatskap verteenwoordig, maak die pensioenarisse 'n belangrike deel van die Fonds uit. 'n Afsonderlike nuusbrief word ook gereeld aan hulle gestuur. 'n Spesiale *ad hoc*-bonus gelykstaande aan 100% van hulle maandelikse pensioen is in Desember 2014 aan pensioenarisse betaal.

ADMINISTRASIE

Die administrasie van ons Fonds word hanteer deur Verso Finansiële Dienste, waar 'n span personeellede ywerig die wiele aan die draai hou deur ons lede se sake te bestuur. Die administrasiekoste van die Fonds verhoog jaarliks, aangesien dit op die getal lede bereken word.

Die totale koste vir Fondsadministrasie, uitgedruk as 'n persentasie van pensioendraende salarisse, is steeds net meer as 0,8%, wat goed is vergeleke met die industriernorm van meer as 1%. Die Raad van Trustees roem daarop dat hulle oor die jare in staat was om koste onder die industriernorm te hou.

Die Raad wil graag sy bevoegde administrasiespan, die regs- en tegniese departemente en die Fondskonsultante bedank vir hulle uitstekende werk. Ek wonder hoeveel lede weet dat die beregter sedert die ontstaan van die Fonds nog geen ongunstige beslissings teen die Fonds gemaak het. Die CRF het 'n standaard vir administrasie gestel waarop ons almal kan trots wees. Die Raad en die Hoofbeampte monitor die diensvlakke van ons diensverskaffers op 'n gereelde basis.

GEWYSIGDE RAADSLIDBYDRAES

As deel van ons strategiese doelwit om die basis van ons lidmaatskap in die plaaslike regering uit te brei, kon Raadslede na die Mei 2011-verkiesing lede word, en ons wag nou gretig vir die datum waarop vryheid van assosiasie in werking sal tree. Daarna mag werknemers in die plaaslike regering hulle lidmaatskap na die fonds van hulle keuse oordra. Dit is egter 'n baie stadige proses, en na my oordeel baie nadelig vir talle werknemers wat glo dat daar vir hulle beter keuses is. Die Fonds het, indien dit moontlik was, nooit 'n lid verhinder om die Fonds te verlaat nie.

Om die raadslede verder aan te moedig om by die CRF aan te sluit, het die Fonds die totale raadslidbydraekoers na 15% aangepas (7,5% raadslidbydrae en 7,5% werkgewerbydrae).

VERBETERDE VOORDELE

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2014 is voordele as volg verbeter sonder dat dit lede meer kos:

- Die begrafnisvoordeel is van 'n R20 000-skaal tot 'n R25 000-skaal verhoog.
- Verhoogde versekerde sterftevoordeel vir lede in kategorie A, B, C, E en F.
- Verhoogde enkelbedrag-ongeskiktheidsvoordele vir lede in kategorie A en B.

Ek wil my dank oordra aan die Menslike Hulpbronnedeptemente, unieleiers, Trustees, ons Hoofbeampte, en veral ons kommunikasiediensverskaffer wat voortgaan om met die lede te skakel om seker te maak dat hulle kennis dra van die Fonds en algemene pensioenaangeleenthede. Ons lede is aktief betrokke deur aspekte van die Fonds te bevraagteken, ons mee te deel hoe die Fonds hulle beter kan dien, en ons in die algemeen op ons tone te hou. Ons waardeer dit.

VOORSTELLE VIR AFTREDEHERVORMING

Ons het by die vorige Jaarvergadering genoem dat die Nasionale Tesourie verskeie dokumente vir kommentaar aan die aftreefondsideustrie uitgereik het. Gedurende hierdie verslagperiode is twee nuwe wette gepromulgeer, die Wysigingswet op Belastingwette en die Algemene Wysigingswet op Wette op Finansiële Dienste. Let daarop dat hierdie veranderinge nie meer op 1 Maart 2015 in werking tree nie en met minstens 'n jaar uitgestel is.

BESTUUR

Die Raad heroorweeg tans sy organisasiestruktuur om aan die eise van 'n Nasionale Fonds te voldoen. Ons kyk tans na ons komiteestelsel om meer doeltreffend te wees en aanspreeklikheid te verseker.

Ek kan rapporteer dat Ernst & Young die ouditeurs van ons Fonds'n skoon ouditeursverslag ontvang het, soos julle sal sien aan die dokumente wat aan julle verskaf is. Ek wil die Raad se waardering oordra aan die Voorsitter en lede

van die ouditkomitee vir hulle toewyding om goeie bestuur na te volg met die manier wat hulle die Fonds se bates administreer.

BAIE DANKIE

In die lig van nuwe wetgewing en die omvang van die Fonds se bates (meer as R17 miljard), raak die taak om as Trustee te dien al meer veeleisend. Ooreenkomstig die Wet op Pensioenfondse en die gemenerereg neem Trustees besluite in die belang van lede. Die fidusiële (vertrouens-) pligte van 'n Trustee vereis ook dat hulle objektief moet nadink oor enige saak wat voor die Raad dien. Trustees moet ook bereid wees om opleiding te ondergaan om van hierdie pligte bewus en daartoe in staat te wees om dit ten beste uit te voer. Ons is bevoorreg dat mense bereid is om in hierdie hoedanigheid te dien en ek bedank al ons Raadslede vir hulle bereidwilligheid gedurende die afgelope jaar om te dien en hulle pligte na te kom. Ek wil ook diegene bedank wat hulleself beskikbaar gestel het vir die verkiesing later vandag.

Jou Fonds word bekwaam deur sy diensverskaffers en adviseurs gedien. Verso is ongetwyfeld 'n leier in fondsadministrasie, en SASH is 'n leier wat kommunikasie betref. Ons Aktuaris, Sean Neethling van Momentum, kan vertrou word om ons die beste advies te gee, en ons Ouditeurs, Ernst & Young, lewer objektiewe insette. Ons beleggingsadviseurs, Sukha and Associates en GraySwan, en Johan Rossouw, ons ekonoom, het daartoe bygedra dat die Fonds besluite geneem het wat uitstekende beleggingsopbrengste gelewer het, asook vir Verso Beleggingsdienste, ons finansiële adviseurs, wat lede help met die suksesvolle oorgang van werknemer na pensioenaris. Ons het heelwat veranderinge in die Fondsleierskap gehad en ek wil die Hoofbeampte en die Hoofbeleggingsbeampte bedank vir hulle harde werk en toewyding. Die Raad van Trustees het besluit om 'n Hoofbeleggingsbeampte aan te stel, wat op 1 Julie 2014 by die Fonds aangesluit het. Aangesien beleggings so 'n belangrike deel van die Fonds is, het die Trustees die behoefte besef om 'n beleggingsspesialis aan te stel wat met die hulp van die huidige konsultante die finale aanbevelings aan die Raad kan maak. Die Hoofbeleggingsbeampte voorsien kostebesparing sonder om opbrengste in te boet, en het hierdie visie geformaliseer in 'n beleggingsplan wat aan die Raad voorgelê is. Die Raad het die konsep goedgekeur en die eerste fase is gedurende Oktober 2014 geïmplementeer. Aangesien veranderinge in die onderliggende beleggings van die CRF altyd met groot omsigtigheid en volgens regsvoorskrifte behartig moet word, sal dit 'n tydjie duur voordat hierdie veranderinge ten volle geïmplementeer is. Die Hoofbeleggingsbeampte sal by volgende jaar se AJV 'n volledige uiteensetting gee van die kostebesparings en die positiewe impak wat dit op lede se beleggingsbelang gehad het.

Ten slotte, aan die Raad – dankie vir die eer en geleentheid om as julle Voorsitter te dien in ons gesamentlike strewe om ons beste diens aan ons lede te gee. **My hartlike dank vir julle uitstekende werk!**

Soyisile Andreas Mokweni

Voorsitter